

Doel van hierdie begeleidingsmateriaal:

- om jou vertrouwd te maak met 'n leefstyl waar jy Jesus navolg;
- om dissipelskap as 'n leefwyse van innerlike transformasie, wat strek oor jou hele lewe in alle seisoene van jou lewe, in te oefen;
- om dissipelskap te beleef as 'n dinamika in jou lewe waarmee jy ander en die lewe self positief impakteer.

Bronne

- Hoogland-Leefstylgids Weergawe #2
- Hoogland-Leefstylgids Weergawe #2 Dissipelskap – 'n Geloofsreis van Innerlike Transformasie in 5 Lewensruimtes

Riglyne:

- Julle hoef nie voor te berei vir die ontmoeting nie – alhoewel voorbereiding ook 'n geloofsdissipline is wat meriete het.
- Julle hoef nie die materiaal in een ontmoeting af te handel nie. Elke groep bepaal sy eie ritme.



**Wees met mekaar
Eet saam**

Ontmoeting 7 – Lewensruimte: Wees met mekaar

Gemeenskap

(Hoogland-Leefstylgids Dissipelskap bladsy 34-37)

1. Oriëntasie: Raak bewus van God se teenwoordigheid

1.1. Bid Psalm 95:1-7a.

2. Lees:

2.1. Bybelteks:

2.1.1. **1 Johannes 1:1-4** - Van die begin af was Hy daar. Ons het Hom self gehoor; ons het Hom met ons eie oë gesien; ja, ons het Hom gesien en met ons hande aan Hom geraak.

Hy is die Woord, die Lewe. Die Lewe het gekom; ons het Hom **gesien** en is getuie daarvan, en ons verkondig aan julle die Ewige Lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is.

Hom wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle aan ons **gemeenskap** deel kan hê. En die gemeenskap waaraan ons deel het, is dié met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus. Dit skryf ons sodat ons **blydskap** volkome kan wees.

2.1.2. **Deutr 14:26** - Daar moet jy met die geld koop net wat jy wil: bees, skaap, wyn, bier, of enigiets anders wat jy wil hê. Dan moet jy en jou familie dit daar in die **teenwoordigheid** van die Here jou God **eet** en **bly** wees.

2.2. Leefstylgids:

2.2.1. Lees Hoogland-Leefstylgids Dissipelskap bladsy 35-36: 'n Lewe in geloofsgemeenskap.



3. Luister en Gesels – Gemeenskap

3.1. 1 Jh 1:1-4 -

3.1.1. Watter motiewe het julle getref?

3.1.2. Wat verstaan julle onder gemeenskap?

3.2. Deutr 14:26 -

3.2.1. Watter motiewe het julle getref?

3.2.2. Hoe kan julle doen wat hierdie vers sê?

3.3. Gesels oor die volgende aan die hand van die inligting in die **Hoogland-Leefstylgids Dissipelskap** bladsy 35-36:

3.3.1. **Jesus herdefinieer die grense van ons liefde.**

- Watter mense maak die meeste aanspraak op ons liefde en in watter vorm?

3.3.2. **Jesus herdefinieer die intensiteit en radikaliteit van ons liefde.**

- Dink aan maniere hoe ons liefde radikaal kan wees.

3.3.3. **Ons liefde is eg en opreg.**

- Vertel vir mekaar verhale oor waar julle dit beleef het.

3.3.4. **Ons het lief met ons volle menswees.**

- Is daar dinge in ons gemeente wat maak dat dit moeilik is om mekaar lief te hê? Wat?

3.3.5. **Ons dien mekaar:**

- Ons aanvaar mekaar en leer mekaar liefhê: Noem voorbeelde van hoe julle dit doen.
- Ons word vriende en leer mekaar liefkry: Noem voorbeelde van hoe julle dit doen.
- Ons versorg mekaar wedersyds: Noem voorbeelde van hoe julle dit doen.
- Ons bely ons gebrokenheid en skuld en vermaan mekaar: Noem voorbeelde van hoe julle dit doen.
- Ons deel die lewe en is deel van mekaar: Noem voorbeelde van hoe julle dit doen.



4. **Gaan leef** (Hoogland-Leefstylgids Weergawe #2 bladsy 23)



geleentehede?

Gasvryheid: Wees 'n **veilige persoon** wat vir ander mense die teenwoordigheid, genade en beskerming Christus aanbied. Byvoorbeeld:

- Wees gasvry in julle gesin deur een maal per week saam aan tafel te eet, sonder TV of ander vorme van afleiding. Doen moeite met die dek van die tafel, versierings ens.
- Wees gasvry teenoor ander lede van ons Hooglandfamilie. Byvoorbeeld: Eet op gereelde basis saam met jou groep (Bybelstudie, omgee, sel, dissipelskap ens.). Ander



5. **Afsluiting:**

Geniet 'n liefdesmaaltyd (vra die kerkkantoor om afskrifte vir elkeen te maak).